

Ds. A. W. C. Bester  
Nieuwoudtville  
13 Februarie 1966

Onderwerp: Jesus klop aan die deur

Lees: Openbaring 3 verse 14 tot 22

Teks: Openbaring 3 vers 20

Sing: Gesang 112  
Gesang 203  
Gesang 327

“Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.’ (Openb 3:20)

“Hierdie teks word so dikwels aangehaal, maar meestal eensydig of verkeerd toegepas en verklaar. Om hierdie teks reg te verstaan, wil ons vanaand die volgende vrae vra en beantwoord.

“1. Voor watter deur staan die kloppende Jesus Christus? Die gewone opvatting is dat dit voor die deur van die sondaar se hart is. En dit, Broers en Susters, is nie korrek nie. Hierdie brief is immers geskryf aan die gemeente van Laodicéa. Jesus staan voor die deur van hierdie gemeente van die laaste dae.

“Die sewe gemeentes, waarvan Laodicéa een was, stel aan ons voor die verskillende toestande waarin die Kerk van Jesus Christus verkeer tot en met Jesus Christus se wederkoms. En ooreenkomstig hiermee kondig Jesus elkeen se eindbestemming aan.

“Éfese, die afvallige moedergemeente, roep Hy tot bekering en terugkeer na haar eerste liefde wat sy verlaat het en voeg daaraan toe: ‘Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.’ (Openb 2:5)

“Smirna, die gemeente onder vervolging, is ’n uitsondering. Vir haar wys die Meester slegs op die dood en die kroon van die lewe: ‘Vrees vir niks wat jy sal ly nie. ... Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.’ (Openb 2:10)

“Pérgamus moet haar bekeer van haar geestelike hoerery. Jesus vermaan haar op soortgelyke wyse as Éfese: ‘Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond. (Openb 2:16)

“Thiatíre, waar daar geestelike owerspeliges en getroue gelowiges was, vermaan Jesus: en ‘En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op ‘n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in ‘n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.’ (Openb 2:21-22) En aan die getroue gelowiges: ‘Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.’ (Openb 2:25)

“En tot die geestelike dooie Sardis kom die Heiland met die vermaning: ‘... as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.’ (Openb 3:3)

“Tot die getroue Filadelfia spreek die Meester: ‘Kyk Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.’ (Openb 3:11)

“En aan die trotse selfgenoegsame Laodicéa sê Jesus: ‘Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.’ (Openb 3:20)

“Só, Broers en Susters, wys Jesus elke gemeente, of liewers al die gemeentes deur al die eeue op die eindbestemming. Maar telkens raak dit dringender. Eers is dit: ‘Ek kom’; dan ‘kom Ek gou’ en dan ‘Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.’

“Hierdie woorde, Broers en Susters, is ‘n woord uit die mond van Jesus Christus aan die gemeentes van ons dag en roep ons tot besinning. Besinning oor die nabyheid van die koms van die Seun van God.

“Die volle betekenis van hierdie woorde is dan: Loadicéa, ek is nie meer vêr nie, Ek kom gou. Ek staan reeds voor jou deur en klop.

“Broers en Susters, besef ons dat ons in die voleinding van die tye leef? As ‘n mens dit besef, hoe kan daar nog geleentheid en toegeneentheid tot die sonde wees? Jesus is naby. Kyk, Hy staan by die deur en klop!

“2. Hoedanig klop die Meester? Jesus se klop word verkeerdlik toegeskryf as sy klop voor die deur van die sondaar se hart, deur middel van die verkondiging van die Evangelie en deur die stem van die Heilige Gees. Dit is nie korrek nie. As Jesus op ons moes wag totdat ons gewillig is om vir Hom oop te maak, dan sal niemand gered word nie. Nee, waar Jesus wil ingaan, daar maak Hy self die deur oop! Daar ontsluit Hy die hart soos dié van Lydia die purperverkoopster, om ag te slaan op die heerlike Evangelie en haar God te ontmoet.

“Hoe moet ons dan hierdie klop van Jesus verklaar?

“Onmiddelik vooraf lees ons van die ernstige vermaninge aan Laodicéa oor haar louheid en geestelike hoogmoed en dan sê Jesus: ‘Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.’ (Openb 3:19) Dit is asof Jesus hier aan Laodicéa wil sê: Laodicéa, weens jou louheid en afvalligheid moet Ek jou uit my mond uitspuug. Maar omdat Ek jou liefhet, sal Ek vooraf my koms aan jou bekend maak deur duidelike en waarneembare kloppe, wat na jou as kastydinge en beproewinge sal kom. Wees dan ywerig (letterlik word warm), want die tyd is min, sodat Ek jou nie uit my mond uitspuug nie.

“Onder die geklop aan die deur van Laodicéa moet ons dus verstaan die waarneembare aankondiging en voortekens van Jesus Christus se koms, soos deur Hom telkemale voorspel en in besonder deur die kastydinge en beproewinge wat Hy in die laaste dae oor hulle sal bring, soos oorloë, hongersnood, verdrukkinge en pessiëktes.

“Ja, Broers en Susters, Jesus wil hier aan Laodicéa en aan u en my sê: Ek sal nie onverwags kom nie. Maar soos die besoeker eers klop aan die huis se deur, só sal Ek my koms aanmeld met duidelik waarneembare kloppe.

“Genadige, lankmoedige Heiland. Hy vertoef en staan ’n oomblik stil voor die deur en Hy klop aan. Nog ’n tydjie vir genade en om gereed te maak; om alles in orde te bring om Jesus binne te laat.

“Broers en Susters, hoe dikwels en baie keer en op hoe baie maniere het die Meester nie al sy naderende wederkoms bekend gemaak aan die mens nie. En nog staan Hy vanaand en klop en Hy klop steeds harder. Jesus is voor die deur. Hy moet slegs binnestap.

“3. Wat verwag die kloppende Heiland? Verwag Hy dat Laodicéa se gemeente die deur sal oopmaak en Hom binne sal nooi met ’n: Kom gou Here Jesus?

“Nee, Broers en Susters, daar is ’n diepe weemoed in die Meester se stem as ons Hom hoor sê: ‘As iemand my stem hoor ...’ (Openb 3:20) Dit is asof Jesus hier wil sê: Ek staan by die deur van die selfgenoegsame en verrykte Laodicéa en Ek klop aan, maar Ek word nie gehoor nie. Ek word nie opgemerk nie. As daar maar iemand was wat my stem sou hoor. Broers en Susters, die alwetende Heiland spreek hier asof Hy nie seker is of daar in die hele gemeente een sal wees wat sy stem sal hoor nie.

“Hoe treffend herinner hierdie woorde ons nie aan die weemoedige vraag van die Meester: ‘... maar as die

Seun van die Mens kom, sal Hy wel die gloof op die aarde vind?’ (Luk 18:8) Dit is asof Jesus sê: Ek betwyfel dit. Sal daar iemand wees wat my stem hoor? En Broers en Susters, is dit vanaand anders gesteld in ons gemeente?

“Die kerk hoor die stem van die Meester nie. Die wagers is besig om te swyg op die mure. Die opsiener is aan die slaap, terwyl die wolwe van sonde hulle prooi lustig verskeur.

“Hoe weinig is daar wat die stem van Jesus hoor, wat sy klop en aankondiging opmerk en aan die kudde bekend maak! Inteendeel, deur valse en oppervlakkige getuienis verduister hulle die oog van Laodicéa verder, in plaas van om haar oë te open vir die naderende koms en die daarmee saamgaande oordele van God.

“God se Woord sê: Jesus Christus staan voor die deur van die gemeente. Die opsiener sê: Nee, Hy staan slegs voor die deur van die sondaar se hart. Sy kloppinge is altyd daar. Dit het niks met die oordeel van die gemeentes te doen nie.

“Nee, Broers en Susters, God se Woord sê: Jesus Christus kom met sy roede. Hy kom om rekenskap te eis van sy gemeente.

“Broers en Susters, hoor u die kloppinge van die wederkoms van Jesus Christus? Het u al u oor daarvoor oopgemaak?

4. Wat belof Jesus aan dié wat waak? ‘As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. (Openb 3:20) As daar dus iemand is wat sy stem gehoor het en Jesus met ’n brandende lamp tegemoet gaan, dan belof Hy aan daardie persoon ’n tweevoudige belofte:

“a. ‘Ek (sal) ingaan na hom toe ...’ Hierin, Broers en Susters, lê ’n veronderstelling dat daar in die eindtydse gemeente van Jesus Christus op aarde, maar net enkeles sal wees wat Jesus Christus sal verwag en by wie Hy sy intrek sal neem en by wie Hy sy teenwoordigheid in besonder sal openbaar.

“b. ‘en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.’ Ja, hy wat wakende gebly het, getrou gebly het tot die einde toe, hý alleen sal die maaltyd van die Lam kan bywoon. Is die gelykenis van die dwase maagde nie ’n treffende waarskuwing nie? Wees gewaarsku, die deur sal gesluit word.

“Broers en Susters, wees dan nugter en waak. Jesus Christus staan voor die deur. Wie ore het om te hoor,

laat hom hoor! Hy is naby. 'Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop.'

"Wie is daar wat vanaand kan sê hoe lank nog?

"Broers en Susters, haas u terug na die Verkoper, Jesus Christus. Vul u lamp met olie, want die Bruidegom is oppad en met 'n doodgaande lamp sal u Jesus Christus nie aanskou nie.

"As u neerkniel sal u die geluid van die wagters en basuine op die mure verneem. Vlug na God! Die tyd het min geword!

"Ek wens ek kan u nog 'n bietjie sus en gerus maak, maar ek kan nie! Die vyeboom is reeds aan die bod. Die tekens is daar en Jesus klop duidelik. Daar is net 'n tree tussen my en die dood.

"Sal u hoor?

"Sal Jesus Christus by u ingaan en saam met u maaltyd hou?

"Amen."